

Nuwejaar – Leesplan

Dag 1 – Reël 1: Wys die wêreld hoe God lyk

[Johannes 16:27](#)

Wys die wêreld hoe God lyk. Mense leer hoe God lyk deur te kyk na mense wat goddelike dinge doen. Jy hoef nie volmaak te wees nie, maar kan deur jou lewe iets van God se aard uitstraal.

Dag 2 – Reël 2: Wees dankbaar vir die lewe wat God jou geskenk het

[Deuteronomium 26:11](#)

Wees dankbaar vir die lewe wat God jou geskenk het. Die grootste kompliment wat jy aan die gewer van 'n geskenk kan maak is om die geskenk ten volle te geniet. Jy is dit dus aan jou Skepper verskuldig om so gelukkig te wees as wat jy kan sonder om jou te belas met onnodige skuldgevoelens en verwyte. Die lewe is meer as 'n eksamen waar jy moet bewys hoe goed of hoe slim jy is. Dis 'n avontuur met laagtepunte, hoogtepunte en gelyktes, maar altyd 'n onvergelyklike ervaring.

Dag 3 – Reël 3: Al is die pad hoe donker, kyk hoe ver jy voor jou uit kan sien

[2 Korinthiërs 4:6](#)

[1 Johannes 1:5](#)

[Johannes 3:21](#)

Wanneer jou lewe op 'n laagtepunt is, beweeg aan of probeer ten minste om een voet voor die ander te sit al verg dit by tye al jou krag en inspanning om dit te doen. Al is die pad hoe donker, kyk hoe ver jy voor jou uit kan sien.

Dag 4 – Reël 4: Vat elke dag soos dit kom

[Lukas 22:54-62](#)

Verwag dat daar tye van vertwyfeling sal wees want geloof is nie 'n eenvoudige optelsom of 'n eksakte wetenskap nie. Soms is die lewe saai en vervelig en sommer net sêd. Vat elke dag soos dit kom. Troos jou daaraan dat Jesus gehuil het, soos jy, dat heiliges ook gesondig het, dat die liewe Petrus ontrou was en dat die dissipels 'n klomp bangbroeke was toe hulle moes staan waarvoor hulle geglo het.

Dag 5 – Reël 5: Aanvaar dat geloof jou lei waar jy nie altyd graag wil wees nie

[2 Timoteus 4:7-8](#)

[Hebreërs 11:1](#)

[Efesiërs 4:3](#)

[Josua 22:22](#)

Aanvaar dat geloof 'n tou om jou bind wat jou lei waar jy nie altyd graag wil wees nie. God laat hom nie lei nie, Hy's die een wat lei.

Dag 6 – Reël 6: Wees gewillig om h bietjie aan jousef te sterf om by God te wees

[Lukas 9:23-24](#)
[Matteus 10:38](#)
[Galasiërs 2:20](#)

Wees gewillig om h bietjie aan jousef te sterf om by God te wees, want God het gesterf het om naby aan jou te wees.

Dag 7 – Reël 7: Skep ruimte in jou hart om lief te hê

[Matteus 22:37](#)
[Spreuke 23:26](#)
[Efesiërs 3:14-17](#)

Skep ruimte in jou hart om lief te hê. Beoefen die liefde met toewyding in die wete dat h mens nooit genoeg kan liefhê nie.

Dag 8 – Reël 8: Aanvaar wat en wie jy is en moenie daarvoor stres nie

[Filippense 4:8](#)
[Psalm 73:1](#)
[Romeine 12:3](#)
[Markus 12:33](#)

Aanvaar wat en wie jy is en moenie daarvoor stres nie, maar besef dat jy te kort skiet – net soos elke liewe mense op hierdie aarde! Dit is die aard van die mensdom. God alleen is volledig heel en goed.

Dag 9 – Reël 9: Lewe die lewe voluit

[Matteus 6:33-34](#)
[Filippense 4:13](#)

Moenie vasklou aan dit wat verby is nie. Aanvaar dat die lewe nie stilstaan nie. Treur oor jou verliese, vier jou oorwinnings, laat waters wat klaar gemaal het, verbygaan en lewe die lewe voluit.

Dag 10 – Reël 10: Wees deel van God se gesin

[Efesiërs 5:1](#)
[1 Johannes 3:1-2](#)
[1 Tessalonisense 4:10](#)
[Johannes 1:12](#)

Wees deel van God se gesin. Die lewe is h groepuitstappie wat familie, die gemeenskap, kerk, vaderland en die hele boksendais insluit! Aanvaar dat daar heilige bande is wat jou bind. Vryheid kry alleen betekenis in verbondenheid aan die gemeenskap – h gemeen.

Dag 11 – “Encore, encore!”

[Romeine 3:23-24](#)

Daar is h apokriewe verhaal oor h bekende (en reeds gestorwe) opersanger wat op h keer in die La Scala Operahuis in Italië gesing het. Toe hy klaar gesing, skree die gehoor “Encore! Encore!” en baie in sy noppies oor die ovasie, sing die man toe weer. Nog was dit nie die einde nie. Hulle encore hom weer en weer. En uiteindelik, poegaai gesing, sê hy vir die gehoor, hy is so bly hulle geniet sy sang so baie, maar hy kan nie meer nie. Staan een van die uitgelese gehoor op en sê toe: “Mr X, you shall-a sing-a it, until-a you sing-a it right!”

Ai soms voel elkeen van ons so. Kan ons dan niks reg doen nie? Moet ons elke keer dieselfde foute in die lewe maak? Selfs h donkie stamp nie sy voet teen dieselfde klip nie. Hoekom leer ons nie uit ons foute nie?

Daar is egter h ander verhaal van die twee ou omies wat elke aand huisgodsdien gehou het en aan die einde h Psalm gesing het maar so vals dat hoor en sien vergaan het. Op h dag kom die bure toe daaraan en sê vir die omies dat hulle met plesier huisgodsdien kan hou maar hulle moet tog net nie sing nie. So gesê en so gedaan. Een aand klop daar h engel aan die deur en met trane in sy oë sê hy: “Hoekom sing julle nie meer nie?” “Maar ons sing dan so vals dat die bure gesê het ons moet ophou sing.” “Ai tog,” sê die engel. “Het julle dan nie geweet nie: elke aand as julle so vals sing het h hele skare engele bokant die plafon gewag en elke vals nootjie omskep tot die allerskoonste hemelse klanke vir die Hemelse Vader se oor.”

So kom God en sy engele ons swakhede tegemoet, tot God se stem in ons uiteindelik “ryp tot h lied” en h hemelse simfonie God loof met met elke noot volmaak op sy plek.

Dag 12 – Proe die Woord

[Romeine 10:8](#)

Ons verhouding met God is soms soos h liefdesverhouding waar ons lankal die hoogtepunte en die intense belewenisse saam met mekaar verruil het vir die alledaagse. Tog bied hierdie seisoen waarin ons die geboorte van ons Redder vier ons die moontlikheid op h geestelike hergeboorte.

Hoe kan ons nuwe lewe gee aan ons geloof? Daar is so baie wat jy kan doen. Gaan kuier h slag in jou binneste saam met God. Proe sy Woord opnuut deur God se liefdesbriewe aan jou lees. Oral spreek die Bybel van God se verlange na sy skepsels. Al verlaat ons Hom of verruil ons Hom soms vir alles wat die aarde kan bied, hou Hy nooit op om sy arms uit te hou na ons om ons keer op keer terug te verwelkom nie.

Reik die hand uit oor daardie kloof wat vir watter rede ookal tussen jou en God ontstaan het. Skep vir jou h gewyde ruimte by jou werk of in jou huis om jou te herinner aan die sakrale wat teenwoordig is in die alledaagse. Doen iets om jou hernude toewyding te bevestig. Besoek, bel of breek h broodjie saam met iemand in nood. Of lees h slag h boek wat jou uitdaag om nuut te dink oor jou geloof. Steek h kersie op aan die etenstafel vir die wêreld of vir iemand wat jy weet dit nodig het.

Nog makliker – glimlag vir iemand, betoon simpatie of spreek h woord van bemoediging. Bo alles, wees vrygewig. Al doen jy enigeen van hierdie dinge aan die wat nie geag word nie, doen dit asof jy dit vir God doen. Dit is die ware gees van Advent – of die Verwagting.